e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

22 Oktober 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 37

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Matriek 2009

'n Mens se matriekeksamen bly die belangrikste eksamen in jou lewe, en elke instelling vereis 'n ware afskrif van jou matriek-sertifikaat, selfs al sluit jy hoeveel graadsertifikate by jou CV in. Vir 588 000 matrikulante het die tyd van rekenskap aangebreek met die eerste vraestelle wat eerskomende Maandag geskryf word.

Dit is die tweede groep matrikulante wat hul eindeksamen gebaseer op die Nasionale Kurrikulumverklaring skryf, terwyl die uitslae na verwagting eers teen 7 Januarie 2010 beskikbaar sal wees. Die departement se verweer? Hulle wil hulself nie só onder druk plaas soos in die verlede nie. 'n Mens kan maar net hoop dat dieselfde fiasko as in Mpumalanga en ander provinsies ten opsigte van die 2008-uitslae nie weer gaan voorkom nie. Sowat 56 300 kandidate se uitslae het vir 'n geruime tyd ontbreek, terwyl die res se matrieksertifikate na 6 maande nog nie uitgereik was nie. Daarby het die departement 'n slaagsyfer van 62,5% aangekondig, terwyl mediaberigte dit nader aan 36% gestel het.

Dit is geen geheim nie dat die standaard van onderwys in hierdie land onder geweldige druk verkeer. Die hele onderwyskurrikulum wat sedert 1994 só onverbiddelik van bo afgeforseer is, blyk nou 'n klaaglike mislukking te wees. Dit was veral leerders uit die agtergeblewe gebiede wat die meeste gely het. Die voorste stryders vir hierdie stelsel het onlangs in die openbaar verklaar dat dit 'n fout was, terwyl die Suid-Afrikaanse onderwysstandaarde, gemeet teenoor die res van die wêreld, dit ook wys. Daar is ook toenemende kommer by veral die tersiêre instellings oor die gehalte eerstejaars wat deur die sisteem gelewer word. Dit mag selfs nodig wees om in sekere studierigtings die aantal studiejare te vermeerder, sodat die eerste jaar kan dien as 'n soort oorbruggingsjaar om die regte standaard te stel alvorens die res van die studie voltrek kan word.

Ons loop die gevaar om van negatiwiteit beskuldig te word. Tog is die realiteite te oorweldigend en ontkenning dien óók nie die groter saak nie. Daar is myns insiens net een manier om die beste te maak van die huidige omstandighede – en dit is om uitnemendheid op 'n verbete wyse na te streef, selfs ten spyte van omstandighede. In 'n sekere sin is uitnemendheid 'n sambreelterm vir soveel ander deugde. Laat uitnemendheid elke matrikulant se leuse wees, nou en vorentoe. Wees uitnemend in jou verhouding met die Here, jou dankbare lewe en positiewe waardes, maar ook in jou vasberadenheid, pligsgetrouheid, hardwerkendheid, toewyding, verantwoordbaarheid en elke goeie gawe waaroor jy beskik. Uitnemendheid kan op die lange duur nie teëgehou word nie en sal uiteindelik elke toe deur oopforseer. Uitnemendheid is soos die wysheid waarvan in Spreuke 4: 7 en verder gepraat word. In die taal van Spreuke kan matrikulante soos volg aangemoedig word: *...Sorg dat jy in alles uitnemend is. Gee alles wat jy het om dit te verkry. Slaan 'n uitnemende lewenswyse hoog aan, dan sal dit jou aansien gee. Dit sal jou 'n mens van betekenis maak as jy dit vasgryp. Dit sal jou lewe versier, dit sal vir jou 'n sierlike kroon wees.* En ja, wees verseker van die Kerk se voorbidding in hierdie tyd van rekenskap.

Ds André Ungerer

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Stephan Botha** van Klerksdorp-Oos Môrester na Delareyville
- **Ds Marius Bacon** van El-Flora na Welgelegen-Pietersburg

Beroep bedank

- **Dr Estelle Dannhauser** van Kempten (benoeming) na Port Elizabeth (deeltyds)

Ds Stephan Botha



Ds Marius Bacon

Dr Estelle Dannhauser

Dr Fanie Pretorius

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Dr Fanie Pretorius**, sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), het op Maandag 19 Oktober 'n knieoperasie ondergaan. Ons wens hom sterkte toe – dr Fanie gaan intussen voort met sy werk, selfs al is hy nie op kantoor nie, dus sal ook die Kerknuus nie agterweë bly nie!
- **Emeritusprof Ben Engelbrecht** word tans in die hospitaal behandel vir hart- en nierversaking. Nadat hy duiselig geword en geval het, is hy in die hospitaal opgeneem vir toetse en behandeling. Hy is baie moeg en ervaar asemnood, maar sy vrou, Rina, sê hulle hoop dat hy spoedig ontslaan sal word en by die huis verder sal aansterk. Prof Ben het op 1 Augustus vanjaar 86 geword. Die Kerk se voorbidding word gevra vir die egpaar.
- **Mev Christa Clifton**, skriba van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV), het op 13 Augustus geval en haar skouer beseer. Op Donderdag 8 Oktober was sy onder die mes. Christa sê dit gaan nou wonderbaarlik beter! Sy is terug op haar pos by die ATKV, armstut en al!
- **Ds Johan Breytenbach**, oudpredikant van die Kerk, is op Vrydag 16 Oktober oorlede. Sy begrafnis is op Maandag 26 Oktober om 11:00 vanuit die Hervormde gemeente Vanderbijlpark.



Prof Ben en mev Rina Engelbrecht

Dr Elsabé Kloppers

- Op Sondag **1 November 2009** is dit presies 50 jaar gelede dat **dr Elsabé Kloppers** deur haar pa, **ds JPB Viljoen**, in **Gemeente Nelspruit** gedoop is. Op voorstel van die skriba, **oudl Awie Willemse**, het die Ouderlingevergadering die inisiatief geneem om haar te nooi om op dié dag die doopdiens in die gemeente te lei. Van die ander kinders wat daardie dag gedoop is, sal hopelik ook teenwoordig kan wees. Weet iemand dalk waar ons **William Henry Fryer**, nou 50 jaar oud, kan opspoor? Laat weet asseblief die kantoor van Gemeente Nelspruit (013 741 1455).
- **Dr Elsabé Kloppers** bied ook op **Saterdag 31 Oktober** 'n **Lied- en Liturgiebyeenkoms** op Nelspruit aan. Dit duur van 09:00 tot 13:00. Almal wat belangstel in die kerklied is hartlik welkom. Daar gaan ook heerlik saam gesing word. Belangstellendes kan met Madelief Mulder skakel by 082 460 8252.
- Op Donderdag 8 Oktober het die **Kerkhistoriese Genootskap** van die Hervormde Kerk hul 50ste bestaansjaar gevier. Die hartomleiding wat die uittredende voorsitter, prof Schalk Botha, verlede jaar ondergaan het, het verhinder dat die Genootskap die geleentheid reeds in 2008, 50 jaar na die stigting in 1958, kon vier. Interessant genoeg is die huidige Kerkkantoor, wat rondom die Argief ontwerp en gebou is, 'n direkte uitvloeisel van die eerste groot projek van die Genootskap.

Prof Schalk Botha

Die visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, dr Daan van Wyk (jr), het 'n groeteboodskap oorgedra, en daar was voordragte van prof Schalk Botha, dr Kobus Labuschagne, prof Adriaan Pont en dr Gerard Meijer (Gereformeerde Kerke). Die Kerkhistoriese Genootskap het ook na 'n halfeeu sy vierde voorsitter verkies: **dr Christo Pretorius van Gemeente Pretoria** volg sy skoonpa, prof Schalk Botha, op. **Dr Malan Storm** dien steeds as sekretaris van die Genootskap. Hulle hou meestal jaarliks 'n kongres, en nooi predikante, kerkraadslede, lidmate en ander mense met 'n belangstelling in geskiedenis en die Kerk uit om by hulle aan te sluit. Navrae kan gerig word aan dr Christo Pretorius by 072 286 1512.

- **Die volgende predikante verjaar van 24 tot 29 Oktober,** en word hartlik geluk gewens:
  - Saterdag 24 Oktober: Ds Johan van Wyk
  - Sondag 25 Oktober: Prof Eddie Engelbrecht en ds Chris Liebenberg
  - Maandag 26 Oktober: Di Hennie Nel en Skip Scheepers
  - Dinsdag 27 Oktober: Di Kathleen Smith en Pieter Smith
  - Woensdag 28 Oktober: Ds Colin Hertzog
  - Donderdag 29 Oktober: Ds Freek van der Merwe

- Die predikant wat volgens die vorige uitgawe op Saterdag 17 Oktober verjaar het, is nie ds Jan Barkhuizen nie, maar wel **prof Jan Barkhuizen**. Jammer oor die fout!

- Die **Voortgesette Toerustingskursus (VTT)** word **van Dinsdag 10 tot Woensdag 11 November** by Gemeente Villieria aangebied. Die koste is R290, en dit sluit in middagete, tee en koffie, asook 'n bundel met die kursusmateriaal. Registrasie vind plaas op die eerste dag van die kursus van 09:30 tot 10:00; die kursus begin om 10:00 en sal elke dag om 17:00 afsluit. Verwittig mev Betsie Brits **voor 2 November** by 012 420 5393, faks 012 420 4303 of e-pos **betsie.brits@up.ac.za** indien u die geleentheid wil bywoon. Betalings moet verkieslik **elektronies of per bankinbetaling** gedoen word – dit vergemaklik registrasie en die beplanning van etes. Stuur asseblief bewys van betaling aan mev Brits. Die bankbesonderhede is soos volg:

  Naam van rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk
  ABSA
  Rekening nr 020 149 752
  Kode nr 63 20 05
  Verwysing: 2013K VTT (gevolg deur die naam van die kursusganger)

- Gemeentes word daaraan herinner dat die boekjaar van die **Bybelgenootskap (BSA)** aan die einde van Oktober sluit. Alle fondse wat vir vanjaar vir Bybelverspreiding bestem is, asook enige trustfondse wat dalk nog van die vorige jaar oorgestaan het, moet dus **teen 27 Oktober** aan die Bybelgenootskap oorbetaal word. Moet asseblief nie wag vir die laaste dag van Oktober nie, want dan mag die bedrag dalk eers in November in die Bybelgenootskap se bankrekening wees. Oorbetalings kan direk in die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** se rekening gedoen word. Die besonderhede van die Streekkantore is soos volg:
  - **Kempton Park (Noordstreek):** Ds KD Papp (**papp@biblesociety.co.za**)
    Die rekeningnommer by ABSA Kempton Park is 260 220 748. Gemeentes se verwysingsnommer moet op die depositostrokie aangebring word. Laat weet die BSA (per e-pos, telefoon 011 970 4010 of faks 011 970 2506) as u 'n inbetaling gedoen het.
  - **Bloemfontein (Suidstreek):** Ds JMJ de Wet (**dewet@biblesociety.co.za**)
    Die rekeningnommer by ABSA Bloemfontein is 470 220 406. Laat weet die BSA (per e-pos, telefoon 051 444 5980 of faks 051 444 5988) as u 'n inbetaling gedoen het.

  Volle besonderhede word verlang van die **bedrag**, **datum**, **bank** en **tak** waar die inbetaling gedoen is sodat die bedrag betyds en korrek geïdentifiseer kan word.

- **Gemeente Montana-Oos** hou gereeld **gesprekke** oor aktuele sake, en alle lidmate kan daaraan deelneem. Op **Woensdag 28 Oktober** om 19:00 sal prof CD Potgieter 'n gesprek inlei met die tema *Skepping, evolusie – geloof, stamselle. Wat op dees aarde kon gebeur het?* Dit vind plaas in die kerkgebou van Montana-Oos. Skakel dr Johan Steenkamp by 072 275 2352 of Susan Schoonbee by 082 411 5464 vir padaanwysings en meer inligting.

- Gemeentes moet asseblief die volgende **korreksies** aanbring in die **kalender vir 2010** wat onlangs aan alle gemeentes van die Kerk versprei is: Die datums van die spesiale deurkollektes vir Bybelverspreiding en die Teologiese Opleidingsfonds is omgeruil. Die spesiale deurkollekte vir die **Teologiese Opleidingsfonds word op 29 Augustus** ingesamel, en die spesiale deurkollekte vir **Bybelverspreiding op Hervormingsondag (31 Oktober)**. Ons vier Kersfees natuurlik op **25 Desember**, en nié volgende jaar 'n dag vroeër soos verkeerdelik op die kalender aangedui nie! Ons vra verskoning vir die foute, en waardeer die terugvoer wat ons van gemeentes en predikante ontvang het.

- Gemeentes word versoek om hul **bestellings** vir *Konteks*, *Die Hervormer* en die *Almanak/Bybelse Dagboek* **teen die einde van Oktober** aan mev Susann van Zyl van SENTIK deur te gee, by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906, of **sentik@nhk.co.za**. Indien nuwe inligting nie van gemeentes ontvang word nie, sal die getalle onveranderd gelaat word, en gemeentes sal dan dus dieselfde hoeveelhede gedurende 2010 ontvang.

- 'n Spesiale beroep word op ons predikante en lidmate verantwoordelik vir publikasies in elke gemeente gedoen om die Kerk se **publikasies met nuwe ywer te bemark**. U kan gerus begin deur die ***e-Hervormer*** aan die lidmate bekend te stel. Stuur vir ons (na **karen@nhk.co.za**) die e-posadresse van soveel moontlik lidmate sodat hulle weekliks die gratis nuusbrief kan ontvang en op die hoogte kan kom van al die gebeure in die Hervormde Kerk. Indien u as gemeente op ***Die Hervormer*** inteken, moet dit vir lidmate beskikbaar wees wanneer hulle die erediens of ander byeenkomste bywoon. Dit is tog belangrik dat alle lidmate die Kerk se amptelike mondstuk onder oë moet kry, en so moet leer hoe hul Kerk se ampsdraers en leraars dink en optree. Dié inligting sal u goed baat wanneer 'n predikant beroep moet word of aflospredikers genooi moet word! ***Konteks*** as die gewilde gesinstydskrif van die Kerk lig lidmate veral in oor die manier waarop die Hervormde Kerk volgens die Kerkjaar lewe, en vertel in die taal en styl van uiteenlopende bydraers wat in lidmate en gemeentes se lewens gebeur.

- Gemeentes kan versoeke rig dat die **personeel van SENTIK hul lidmate kom inlig** oor die Kerk se publikasies. Kontak die sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie, dr Wouter van Wyk, by 012 322 8885 x261, 082 339 2332 of **wouter@nhk.co.za**, die redakteur van *Die Hervormer*, dr Gerhard Lindeque, by 082 374 8703 of **gclindeque@absamail.co.za**, of die redakteur van *Konteks*, dr Wian Kloppers, by 012 322 8885 x229 of **konteks@nhk.co.za** indien u so 'n uitnodiging wil rig.

****

'n Opwindende ontdekkingsreis

Dit is vir baie diakens nie meer 'n vreugde om dienswerk in die koninkryk van Christus te doen nie. Hulle word gepootjie deur lidmate se onbetrokkenheid en mense in nood se ondankbaarheid.

Die modules van die Toerustingspakket vir Diakens is 'n ontdekkingsreis deur die wêreld van die diaken en die dienswerker. Dit kan 'n opwindende reis wees, want dit is 'n wonderlike ontdekking vir diakens en lidmate om te weet dat dit in hul dienswerk in die eerste plek gaan oor die liefde van Christus vir mense. Hierdie kursus help

mense om te ontdek waar en hoe die liefde van Christus in die wêreld sigbaar kan word.

Diakens en lidmate wat die kursus reeds deurloop het, maak die volgende opmerkings:

- Dit was vir my, wat nie 'n diaken is nie, baie betekenisvol om die kursus by te woon.
- Die kursus het nie net voordele vir 'n persoon as dienswerker nie, maar ook vir jou daaglikse lewe en werksverhoudings.

Begin 2010 op die regte noot. Skakel vroegtydig met een van die volgende fasiliteerders oor die aanbieding van die kursus:

- Ds Hannes Janse van Rensburg 082 927 3700
- Ds Gerhard Stoltz 082 872 5236
- Ds Naas Lombard 082 261 3010

Verjaardagvierings en spesiale eredienste

- **Sondag 25 Oktober** vier die Kerk **Hervormingsfees**. In die Oktober 2007-uitgawe van *Konteks* het **prof Wouter van Wyk** soos volg oor dié spesiale fees geskryf: 'Die inhoud van ons feesviering moet dankbaarheid wees vir die blye boodskap van ons Verlosser, Jesus Christus. Die verlossing kom van God, van die hemel af, nie uit die menslike gees of kraginspanning nie. Deur Bybelwoord, kategismus en lied moet die groot wonderdade van God bekendgemaak word. Vir my is een van die grootste gawes van die Hervorming dat dit die Bybel as't ware aan ons teruggegee het, in die taal van die volk wat ons die beste verstaan. God praat met my in Afrikaans! Die Hervorming is nooit afgehandel en klaar nie. Dit is die werk van die Woord, van God en sy Gees. En ons sal steeds in gehoorsaamheid aan God en sy Woord na die eenheid moet groei, in die geloof, in die Gees en in die waarheid.'

- Tydens die jaarlikse gesamentlike projek van die kerke in **Zeerust** word ongeveer 70 blommerangskikkings met 'n Bybelse tema deur plaaslike mense gemaak en deur besighede en individue geborg. Die **Blomme-vir-Christus-projek** word vanjaar **van Vrydag 23 tot Sondag 25 Oktober** by Zeerust se Hervormde Kerk aangebied. Die hoogtepunt is die erediens op **Sondag 25 Oktober** waartydens die **Hervorming** herdenk word. Vir meer besonderhede, kontak Gemeente Zeerust se kerkkantoor by 018 642 2623 gedurende kantoorure of ds Richard van der Westhuizen by 082 523 8199.

- Op **Sondag 8 November** vier **Gemeente Johannesburg-Wes** die ingebruikneming van hul kerkgebou 60 jaar gelede op 12 November 1949. Die hoeksteen is op 12 Maart 1949 deur ds AJ Nolte gelê, en die wydingsrede is deur ds JJ Prinsloo waargeneem. Die verrigtinge het reeds op 30 Oktober 1949 begin toe 'n Slotdiens in die ou kerkgebou deur ds FJ van Zyl (later professor) gehou is. Die gebou is steeds in gebruik en dien tans as die kerksaal. 'n **Wydingsdiens** is vir **Sondag 8 November** gereël en sal deur ds Johann Marnewick, die huidige predikant, waargeneem word. Die bekende Pretoriase orrelis Harry Jonkers sal as gasorrelis optree. Die diens begin om 09:00 en alle oudlidmate is welkom. Die kerkgebou is naby die Westdenedam geleë, in Tenbystraat, Westdene. Kontak die skriba, Paul Bester, by 011 673 4347 of 083 241 5002 of **paumar@telkomsa.net** vir meer inligting.

- **Gemeente Petrusburg** hou op **Saterdag 14 November** 'n **kuierdag** vir alle oudpredikante en oudlidmate. Op **Sondag 15 November** hou hulle 'n **hoeksteenlegging**. Kontak Leanie van der Merwe by 082 859 7739 vir meer inligting.

Konserte en damesbyeenkomste

- **Oorwinningskinders:** ’n **Konsert** met jong Hervormers, Rianda, Jaco, Rozelda en Leon, vind plaas tydens die Vonkfees in Witbank op **Saterdag 31 Oktober**. Navrae kan gerig word aan Salome Jones by 076 964 6452. Vir optredes, skakel dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 of Marita Fourie by 082 486 2420.

- **Gemeente Philadelphia** bied op **Donderdag 26 November** ’n **Oujaarskouspel** in die Aula van die Universiteit van Pretoria aan. Bekende kunstenaars soos Jak de Priester, Charl du Plessis, Mauri Mostert, Vivere, Music Affair, Henry van Dyk en Steve van Deventer tree op, en daar sal ’n Elvis-verrassing wees. Kaartjiepryse wissel van R80 tot R160. Kontak Carina Jonker by 072 212 3202 of Sussa van Staden by 082 789 8771.

Kampe en toere

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied van **Vrydag 30 Oktober tot Sondag 1 November** ’n **skoolverwisselingskamp** aan by Warthog Inn. Die koste is R360 per kind. Kontak ds Janine Bevolo-Manders by **bevolo@arestan.co.za**, 012 546 8686 of 083 260 0983.

- **Gemeente Roedtan** bied ’n **Pretnaweek vir Paartjies** aan van **Vrydag 27 tot Sondag 29 November**. Hierdie huweliksverrykingsnaweek is ’n unieke geleentheid vir paartjies om mekaar opnuut te ontdek! Hulle vertrek vroeg Vrydagoggend met ’n luukse bus vanaf Roedtan na Oos-Transvaal, en besoek plekke soos Pelgrimsrus, Graskop, God’s Window, die kolkgate, Sabie en die Sudwalagrotte. Hulle slaap oor by Sabaan-vakansieoord op die walle van die Sabierivier. Die naweektema is *Waag om lief te hê!* Die koste is R2 000 per paar (alles ingesluit), en slegs 20 egpare kan die naweek meemaak. Bespreek deur **voor 31 Oktober** ’n deposito van R500 te betaal. Vir meer besonderhede, kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724 of sy vrou Hermien by 082 774 1022 of 015 667 0045.

- **Aandag alle matrieks.** Die Hervormde Kerk bied weer ’n **X-matriek-wegbreek** aan, van **7 tot 12 Desember**, by Mount Joy Lodge naby Margate. Die koste is R1 900 per persoon. **Di Thomas Dreyer** (082 552 9394) **en Petri van Rooyen** (083 662 2804) vergesel die groep. Slegs 25 x-matrieks kan geakkommodeer word. Bespreek by Danie van der Merwe by 082 334 6469 of 012 661 8544, per faks by 086 541 0927, of per e-pos by **dtpromotions@telkomsa.net**.

- Dit is weer tyd om die **Eerstejaarskamp** vir ons nuwe studente in Stellenbosch te reël. Alle voornemende (en senior) Maties word uitgenooi om die kamp by te woon, net voor die begin van die universiteitsjaar. Die kamp vind plaas van **Saterdag 9 tot Woensdag 13 Januarie,** en is ’n geleentheid om mede-Hervormers en die kampus te leer ken en vriende te maak. Stuur asseblief jul kontakbesonderhede aan ds Chris le Roux by **stellenbosch@nhk.co.za**, 082 905 0818 of 021 887 2685.

- Daar is nog plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog ’n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Waterberg** in Nylstroom hou ’n **gholfdag** by Koro Creek Gholfklub op **Saterdag 24 Oktober**. Vir meer inligting, skakel Ina Lategan tussen 08:00 en 13:00 by 014 717 3355, of James van Zyl by 014 717 2244. Groot pryse is op die spel!

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 31 Oktober** ’n **gholfdag** aan. Die aandete kan deur die spelers se gesinne ook bygewoon word, indien vooraf reëlings getref is. Skakel Christelle by 083 737 4930 of die gholfklub by 013 253 0981 vir meer inligting.

- **Gemeente Witbank** bied ’n **Oewer- en Boothengelkompetisie** aan op **Saterdag 7 November** by Forever Resorts Loskopdam. Kontak ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030, Christo by 082 254 3296, of Peet by 083 228 3365.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Piet Potgieter** in Potgietersrus (Mokopane) bied ’n **somerjaggeleentheid** aan, met verblyf vir 6 in Tumuga Hunting se jagkamp. Kaartjies is teen R50 beskikbaar by 082 821 6873 of 015 491 6313. Die wenner word op **14 November** aangewys tydens die gemeente se Kersmark.

- **Gemeente Springs-Oos** bied ’n **feesreeks messe** aan om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**, en om fondse in te samel vir die bou van ’n ouetehuis. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel. Die gemeente se **feesalbum** is beskikbaar en kan bestel word van die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of **rethalaubscher@gmail.com**. Die album kos R180 per eksemplaar (plus posgeld).

- Gemeentes kan groot geld verdien deur aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-’n-boerdery-kompetisie** deel te neem. Die trekking is eers op **8 Mei 2010**. Kontak Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of die kolporteur by **kolporteur.nhk@gmail.com** vir meer inligting of bestellings.

- **Gemeente Stellenbosch** beskik oor gerieflike **woonstelle**, toegerus vir 4 persone (en een groot woonstel vir 6 persone) in ’n stil deel van Stellenbosch. Veilige parkering, beddegoed en breekgoed word verskaf. Die koste is slegs R330 per nag (R400 vir die groter woonstel). Daar is ook enkele klein woonstelletjies met slaapplek vir twee, vir slegs R200 per nag, hoewel dit baie klein is. Kontak die gemeente op Dinsdae- en Donderdae-oggende by 021 886 6209, of andersins by 082 905 0818.

Basaars en markte

- **Gemeente Bergsig** bied **van Maandag 26 tot Saterdag 31 Oktober** ’n **Kersmark** aan in die saal op hul kerkterrein in Mountain View, Pretoria. Persone wat ’n stalletjie wil huur, kan Tina van der Schyff kontak by 078 662 7093, of Marie de Wet van die gemeentelike kantoor by 012 379 6877 op Woensdae en Vrydae, of tuis by 012 379 7779 of 082 402 4170. Die koste vir die stalletjie is R75 vir die week plus 10% van die verkope.

- Die **NHSV Kaapstad** bied op **Saterdag 31 Oktober van 09:00 af** ’n **Kersmark** aan. Kontak Hettie Smith by 021 930 7927 vir meer inligting.

- **Gemeente Bloemhof** hou op **Saterdag 31 Oktober** van 09:00 af **basaar** op hul kerkterrein. Daar sal verskeie stalletjies wees met braaivleis, rou vleis,

pannekoeke, koeke, ensovoorts. Op **Saterdag 5 Desember** hou hulle **Kersmark** met verskeie uitstallers. Kontak Helen Herholdt by 053 433 1222 of 079 377 5008.

- **Gemeente Kruin** bied op **Saterdag 31 Oktober** hul jaarlikse **karnaval** aan. Daar sal onder meer 'n vendusie en 'n potjiekoskompetisie wees. Kom luister na die Monument-boereorkes met Bosveld Stereo as DJ. Kontak die gemeentelike kerkkantoor by **nhkkruin@gmail.com**.

- **Gemeente Zwartruggens** hou op **Saterdag 31 Oktober** 'n **Oesfees** op 'n Bybelse markplein. Hulle gaan koop en verkoop met geld uit die Bybelse tyd, en klere van die Bybelse tyd dra. Kontak ds Dawie Jacobs by 083 456 0831 of Christa Harmse van Maandae tot Donderdae (07:00 tot 13:00) by 015 544 0151.

- Die **NHSV Warmbad** bied op **Saterdag 7 November** hul jaarlikse **Kersmark** aan op die kerkterrein in Ludorfstraat. Kontak Amanda Liebenberg by 014 736 2615 of Suzi van Dyk by 083 310 4943 vir meer besonderhede.

- Op **Saterdag 7 November** hou **Gemeente Waterberg** hul legendariese **Kersmark**. Pragtige Kersgeskenke kan gekoop word. Om 07:00 word 'n groot **plaasontbyt** bedien terwyl die Dolcè Chix-groep die gaste met hul musiek gaan vermaak. Om 11:00 begin die **veiling** met goedere vir klein en groot! Ander heerlike kos is ook beskikbaar! Hulle vra dat u dit u uitstappie van die jaar maak! Vir meer inligting, skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355.

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van **2 tot 5 Desember** 'n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

ANDER NUUS

- Die **telefoonuitbreidings** van die volgende twee personeellede van die Sinodale Kerkkantoor het verander. **Mev Thea Wessels** se nommer is nou 012 322 8885 x315, en **mev Sarie Roux** s'n 012 322 8885 x202.

- **Die Raad vir Apostolaat** hou op **Dinsdag 27 Oktober** 'n **konferensie** met die *Foundation for the Promoting of Reformed Missiology and Ecumenics* **(PROMISE)**. Alle predikante van die Hervormde Kerk word ook uitgenooi om **Woensdagmiddag 28 Oktober** van 14:00 af 'n bespreking by te woon wat deur die bekende **dr Paul Visser van Nederland** gelei word, met die tema ***Prediking as missionale geleentheid***. Die bespreking vind plaas in die Raadsaal, Dirk van der Hoffgebou. Laat weet prof Natie van Wyk so gou moontlik of u teenwoordig kan wees. Kontak hom by 012 322 8885 x249 of **aim1@mweb.co.za**.

Dr Paul Visser Ben Schoeman

- Op **Saterdag 24 Oktober** om 18:00 tree **Ben Schoeman**, 'n seun van ons Kerk, in die Unisa-konferensiesaal op die Sunnyside-kampus op (hv Mears- en Walkerstraat). Kaartjies sal by die deure beskikbaar wees teen R70 (R50 vir studente en pensioenarisse). Rig navrae aan 012 429 3344 / 3311 / 3336 (kantoorure) of 082 770 6138 / 084 763 4079 (na-ure).

- **Beeld-Kinderfonds** hou op **Woensdag 25 November** om 19:30 **Kerskonsert** in die gebou van die NG Kerk Moreletapark. Die kunstenaars tree gratis op as hul bydrae tot die Fonds. **Die Hervormde Kerk is 'n lidkerk** van Beeld-Kinderfonds, en die opbrengs van die Kerskonsert word tesame met ander projekte van die Fonds gebruik in die Verdelingsvergadering in Maart elke jaar, waar ons vanjaar byvoorbeeld R627 000 ontvang het teenoor die gemeentebydraes van R467 000 wat ons oorbetaal het – 'n dividend van 34%. Gaan luister na Kurt Darren, Kevin Leo, Piet Smit en ander, en dra so ook 'n deeltjie by tot die sukses van die Fonds.

Die gasvrou is Carike Keuzenkamp en die gasheer Louis Fivaz. Die program bestaan uit geestelike en Kersmusiek, en die kaartjies is beskikbaar teen R60, R75, R110 en R150. Bespreek by iTicket.co.za of 0861 000 291.

- **Kom toer saam met *Konteks*.** Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van **dr Hennie van Deventer** na die Natalse Middellande. Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.

Belangrike vergaderings

- Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Vrydag 23 Oktober: Finansiële Komitee van Die Ondersteuningsraad
  - Woensdag 28, Donderdag 29 en Vrydag 30 Oktober: Raad van Finansies

    Op 28 en 29 Oktober vind die begrotingsvergadering plaas met die afdelingshoofde, en op 30 Oktober sal die begroting gefinaliseer word, waarna dit aan die Kommissie van die AKV voorgelê sal word vir goedkeuring.

KOMMENTAAR

"Baie dankie vir die pragtige artikel deur ds Thomas Joubert op die voorblad van verlede week se uitgawe. Ek dink hy het die hart van die Christelike boerderygemeenskap verwoord! Nogmaals dankie vir die vars briesie wat deur die weeklikse *e-Hervormer* waai. Ek kan nie wag vir Donderdae nie!"

Ds Thys Redelinghuys, Roedtan

AGTERBLAD

Lees in *Konteks* van November/Desember 2009:

- Advent na Kersfees – wesenlik vir ons geestelike reis
- 'n Skerp bewussyn van die Kerkjaar – 'n lewenswyse
- Die land van my vaders
- God se Woord vir kinders
- 'n Laer van genade

Lees in *Die Hervormer* van November 2009:

- Ons behoefte aan gelukkige huwelike
- Ons sal weer moet dink oor die huwelik en seksualiteit
- Godsdiensonderrig in skole
- My werksplek is 'n sendingveld
- Die huwelik – die begin en die einde
- Die verhouding tussen die susterskerke

Besoek ook die webblaaie **www.konteks.co.za** en **www.hervormer.co.za** en lees meer oor dié twee publikasies.

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx